BEELD NAWEEK, Kuns en Vermaak
31 Mar 2012, p.13

'Bravo!' vir oulaas

Die Kaapse bariton Fikile Mvinjelwa verwelkom die gehoor in die proloog tot Leoncavallo se *I Pagliacci*, waarmee Opera Africa se *Bravo!* vanaand in die Mandela-teater van die Joburg-teatersentrum in Braamfontein begin. Mvinjelwa, wat sy buiging in die naamrol van Verdi se *Rigoletto* in die Metropolitan Opera in New York gaan maak, sing ook in Phelelani Mnomiya se nuwe opera, *Ziyankomo*. Ander gerekende sangers wat met die Johannesburg Philharmonic in dié opvoerings sing, is Kelebogile Boikanyo, Given Nkosi en Aubrey Lodewyk. Die speelvak eindig vanaand. Besprekings: Computicket. Navrae: ☎ 011 883 4189.

Foto: RUPHIN COUDYZER